# MIDBRAK BELASTINGBETALERSVERENIGING

## NOTULE VAN VERGADERING GEHOU OP WOENSDAG 7 FEBRUARIE 2018

### NOMMER 1/2018

**1. OPENING EN VERWELKOMING**

Flippie Bezuidenhout open met gebed en die Voorsitter heet almal teenwoordig welkom en bedank almal vir hulle bydrae die afgelope jaar. Hy doen 'n beroep op almal om te onthou dat ons daar is om die gemeenskap te dien en nie ons eie agendas voorop te stel nie.

**2. PRESENSIE/VERSKONING**

Presensielys word gesirkuleer en verskonings is ontvang van Raadslede en Pieter le Roux en Charl Coetzer.

**3. LIEF EN LEED -** Geen

**4. GOEDKEURING VAN NOTULE VAN VORIGE VERGADERING**

Goedgekeur en aanvaar

**5. NUWE SAKE VIR BESPREKING**

5.1 Dit word voorgestel dat ampsdraers bly soos dit is en die Voorsitter stel Sharne Thorpe voor as sekretaresse en dat sy R3000 per jaar sal ontvang vir haar dienste. Die motivering is dat beide die voorsitter asook Ann voltyds in 'n beroep is en dit moeilik is om by die admin werk uit te kom.Ann bly aan as tesourier.

5.2 Versoek vir die maandelikse gebruik van Gemeenskapsaal asook jaarvergadering op 17 Desember 2018 is reeds in 28 Desember 2017 per epos aan Rdl Anton Dellemijn gestuur. Ons wag op sy bevestiging.

5.3 Terugvoer van die JAARVERGADERING is dat daar slegs 2 ontvangspunte moet wees wat kontant ontvang en lede kwitansies uitreik om verwarring te voorkom.

5.4 Die Voorsitter deel die vergadering mee dat die R102 gesluit sal word vanaf indraai by FRAAIUITSIG tot by Leani Kwekery en dat STOP/RY van Leani Kwekery tot by Groot Brak tydens die opgradering wat einde Maart, begin April van krag sal wees.

5.5 Cecil Barry gee terugvoer oor die beplande opgradering van Louis Fourieweg in Mosselbaai.

5.6 SELFOONTORING IN AREA - Goedkeuring was gegee deur die Munispaliteit sonder die nodige publieke deelname en behoorlike advertensie. Daar was ook nie kennisgewings aan huiseienaars in die omgewing gegee nie. Voorsitter sal met hulle skakel vir korrekte prosedures.

5.7 Die verontagsaming van spoedbeperking en nie stop by stoptekens behoort as prioriteit aangespreek te word deur die Verkeersowerhede. Voorstel word gemaak dat groter borde wat spoedgrens en stopstrate aandui aangebring word. Verslag sal deur Buks Pieterse opgestel word.

AANVULLENDE AGENDA

6.1 Skrywe van Me M J du TOIT oor ongemagtigde toegange na Impalalaan:

Die volgende ongemagtigde toegange in Impalaweg geniet aandag:

Seekatstr 69(Plaashek), Snoekslot 8, Limpitslot 4, Geelhoutslot 7, Langenhovenstraat 15, en Mosselstr 6.

Lys gestuur na Dir Carel Venter vir terugvoer.

6.2 Behoorlike aanwysigings na die Thusongsentrum word weereens versoek.

6.3 Verteenwoordigers word benodig vir Tergniet, Rheebok Village/Groenkloof

6.4 Frik Nel sal skrywe rig aangaande die stortingspunt in Reebok vir motorolie, batterye en elektriese toerusting

6.5 Die skrywe van die Wes Kaapse regering aangaande die rehabilitasie van Klein Brak vleilande word bespreek. Die Munisipaliteit moet binne 14 dae reageer en voortsitter onderneem om dit op te volg.

6.6 Visitekaartjies – Voorsitter word gemagtig om te bestel.

**7. SAKE VOORTSPRUITEND UIT VORIGE NOTULE**

7.1 Grysbok 85 - as gevolg van afwesigheid van bou inspekteur nie hanteer.

7.2 Blouvlagstrand Klein Brakrivier - Spesiale dank aan die Munisipaliteit alles het puik verloop en die strand was baie besig en netjies.

7.3 Versoek weereens dat MBBV vooraf in kennis gestel word van voorneme om strate in ons area te herseel sodat dit vooraf met inwoners gereel kan word en onnodige navrae uitskakel.

7.4 Duineversteurings in Kusweg - Nog geen terugvoer tot dusver. Francois volg op.

**8. Website instandhouding -** Claus Ulrich - e-posadres: info@midbrakratepayers.co.za

**9. BYWONING MUNISIPALE KOMITEE-RAADSVERGADERING / Wykskomitees**

George Nezar en Mike Wray onderneem om munisipale vergaderings by te woon.

Terugvoering word gegee oor **Wyk5** se werksaamhede en moontlikheid word genoem om terrein langs saal te verfraai met die snoei van bosse en moontlike aanbring van sitbankies vir die publiek vanuit Wyk 5 se geallokeerde fondse. Dit sal ook lei tot beter veiligheid deurdat boosdoeners dan nie daar kan wegkruip nie.

**10. FINANSIES**

Balans op 4/1/2018 - R14,913

**11. POLISIERING/BUURTWAG**

Spesiale woord van dank aan Buurtwag vir puik diens aan die gemeenskap.

**12. PLAASLIKE SAKE**

12.1 **De Lange Uitb**. Ann Pretorius - Geen

12.2 **Rheebok Village** -

12.3 **Groenkloof** -

12.4 **Fraaiuitsig** -Frik Nel en Charl Coetzer - Geen

12.5 **Riv*erside*** *- Jasper van Zyl en Brigette Maritz – Nie teenwoordig nie*

*12.6* ***Tergniet*** *- Francois Thiart*

*12.7* **Tergniethoogt**e - Mike Wray en George Nezar

Insakking in Seesterlaan nr 28 waar kontrakteurs kabels oor pad gelê het.

12.8 **Klein Brakrivier** - Robbie Landers en Pieter le Roux

12.8.1 Versperring by visvangarea nog nie aangebring nie.

12.9 **Reebok**

12.9.1 Noord van spoorlyn - Johan Lotter

12.9.2 Suid van spoorlyn - Cecil Barry Sien aangehegde lys van probleme

12.10 **Reebokhoogte** - Jaques Radley

12.11 **Reebokrif** - Buks Pieterse en Flippie Bezuidenhout - Daar moet n artikel in plaaslike koerant geplaas word om inwoners, wat self die verhuring van hulle eiendom behartig, te waarsku teen enige misdrywe. Mike sal dit hanteer met Advertiser.

**13. ALGEMEEN**

13.1 Indeling en verantwoordelikheid van portefuljes:

**Verkeerstekens, spoedhobbels, ontbrekende straatname, spoedbeperkings/monitering, gate in strate, herseel en teer van strate** - Frik Nel - frikn@mweb.co.za

**Skoonmaak van erwe -** Charl Coetzer - charl141@vodamail.co.za

**Onaanvaarbare strukture** - Pieter le Roux **-** admin@dekaap.co.za

**Rampbestuur** - Buks Pieterse -bukscorne@gmail.com

**Die volgende vergadering vind plaas op Woensdag 7 Maart 2018 om 13h00 by Reebok Gemeenskapsaal.**

| ***MBBV&B AKTIWITEITSLYS*** | ***BESPREKING*** |
|---|---|
| *1. Midbrak N2/R102 Ontwikkeling- voorgestelde grondgebruik verandering vanaf landbou of onbepaalde gebruik of n soortgelyke sonering na enige ander grondgebruik vir dorpstigting* | *Maart 2018* |
| *2. Sake by Munisipale Regsafdeling* | *Rdl Anton* |
| *a) Tennisbane - Klein Brakrivier (navraag oor eiendomsreg)* | |
| *b) Erwe 264 en 271 Reebok (vordering van eiendomsreg)* | |
| *3. Hinderlike reuke - Rheebokstene* | *Maart 2018* |
| *4. Reebokrif HEV* | *April 2018* |
| | |

**<u>REEBOK SUID VAN SPOORLYN</u>**

1 Verkeerstekens en Straatname:

a) T-aansluiting by Le Roux en Hooper: straatnaambord is omgestoot
b) T-aansluiting by Le Roux en Bredell: Straatnaambord is omgestoot
c) H/V Olckers / Fourie: Geverfde “STOP” op pad baie dof
d) T-aansluiting Bredell en Kus: Straatnaambord (Bredell) is onleesbaar
e) H/V Hooper en Kus: STOP op pad is baie dof.

2. Le Roux treinspoorkant: Bossies moet gesny of beheer word

3. Rehabilitasie van plantegroei op aangrensende erwe na boukonstruksie om Kusweg 121 tot 131A

4. Opvolg vorige items: SpooroorgangNommer LX07612 in De Jagerstraat:

Padoppervlak swak met slaggate. Moontlike langtermyn oplossing - om Transnet te versoek om beton oorgangblokke te installeer.

5. De Jagerstraat: Kort stukkie randstene nog nie voorsien.

6. **RegoorKusweg 103:** Stormwater vanaf De Jagerstraat het hier 'n baie wye en diep donga gespoel tussen die pad en die strand. Munisipaliteit reeds besig met herstelwerk. Vragte grond hier nodig om hele donga op te vul en plantegroei op die duin met gerehabiliteer word. Herstelwerk word dringend benodig

7. Straatligte vir Olivierstraat – Kapitale projek – GOP

8. Aanplant van bome: Hierdiedien as formeleversoekvirdie plant van inheemsebome op sypaadjiesenwel as volg:

a. De Jagervanaf die treinspoor tot by Kusweg.
b. Le Rouxstraatvanaf De Jagerstraat tot by Tweedelaan.

9. Die volgende onbeboude erwe moet skoongemaak word soos voorgeskryf per die Munisipalebeleid en meer spesifiek in terme van die verwydering van indringerplantegroei en die sny van 'n brandpad, naamlik:

c. Olckersstraat 92 (Erf 331)
d. Olckersstraat 91 (Erf 669)
e. Olckersstraat 76 (Erf 413)
f. Olckersstraat 52 (Erf 519)
g. Olckersstraat 45 (Erf 1064)
h. Olckersstraat 43 (Erf 1065)
i. Le Rouxstraat 90 – 94 (Erf 374); Erf loop deurna Olckersstraat, naamlik, nommer 67.